



## **SARL NUUS SONDAG 06 MEI 2018**

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur \_\_\_\_\_ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Die bulletin word deur ZS6JPL via Echolink herlei. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste.

'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, [www.sarl.org.za](http://www.sarl.org.za), afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

Ons begin die bulletin met nuus van 'n stil sleutel.

Dit is met leedwese dat die Potchefstroom ARK aankondig dat die sleutel van Chris Viljoen, ZS6BYQ stil geword het na 'n hartaanval.

Ons betuig ons opregte meegevoel aan sy vrou, Daleen, en twee seuns, Stephan en Yzelle, familie en vriende.

### **POUSE**

In die nuus, vandag:

### **ANTIEKE DRAADLOOS VERENIGING ESB BUIS QSO GESELLIGHEID VANMIDDAG**

#### **DIE KONINKLIKE HUWELIK OP 19 MEI EN DIE EERSTE GEBRUIK VAN DIE GR9 VOORVOEGSEL**

en

### **ONVERWAGTE OPENING NA REUNION EILAND**

In die nuus vandag:

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

### **ANTIEKE DRAADLOOS VERENIGING ESB BUIS QSO GESELLIGHEID VANMIDDAG**

Die AWA Buis ESB QSO Geselligheid is vanmiddag van 13:00 tot 17:00 UTC op die lug met aktiwiteit op 40 meter tussen 7 063 en 7 100 kHz en op 80 meter tussen 3 603 en 3 650 kHz. Die uitruiling is jou roepsein, 'n RS-verslag, 'n opeenvolgende reeksnommer wat begin by 001 en die tipe radio wat gebruik word, bv. HT37 Tx. Logstate moet ingedien word teen 25 Mei per e-pos aan [andyzs6ady@vodamail.co.za](mailto:andyzs6ady@vodamail.co.za) of per pos aan die Antieke Draadlose Vereniging van Suidelike Afrika, Posbus 12320, Benornyn, 1504. Sertifikate sal toegeken word aan die eerste drie plekke in elke kategorie (AM / ESB). Raadpleeg asseblief die 2018 SARL Kompetiseboek vir al die inligting.



## **DIE KONINKLIKE HUWELIK OP 19 MEI EN DIE EERSTE GEBRUIK VAN DIE GR9 VOORVOEGSEL**

Ofcom het die spesiale gebeurtenis roepsein GR9RW uitgereik wat van 19 tot 23 Mei gebruik sal word. Ons glo dit kan die eerste keer wees dat die 'GR9'-voorvoegsel ooit aktief gaan wees. Die spesiale roepsein GR9RW sal vir vyf dae aktief wees in Mei vir die geleentheid van die Koninklike Huwelik tussen Sy Koninklike Hoogheid Prins Harry en Me Meghan Markle wat op 19 Mei 2018 by die St George Kapel by Windsor-kasteel in Engeland plaasvind. Hierdie herdenkings amateur radio stasie sal deur lede van die Cray Valley Radio-vereniging uit hul klubhuis in Eltham, Suidoos-Londen bedryf word.

GR9RW sal hoofsaaklik ESB en gelykgolf gebruik en ook FM op die BHF en UHF bande. Twee HF-stasies en een BHF-stasie sal aktief wees en sal alle bande van 80 m tot 70 cm dek. 'n Baie spesiale QSL kaart sal op versoek gestuur word en kaarte kan ook aangevra word via OQRS. Sien asseblief die klub se webwerf by [www.cvrs.org](http://www.cvrs.org) vir verdere besonderhede en kyk op die QRZ bladsy vir GR9RW vir besonderhede van die stasie en hoe om die spesiale QSL-kaart te kry. Die nuutste inligting sal ook op die Cray Valley Radio-vereniging se Twitter voer @ G3RCV geplaas word.

Vir verdere inligting oor die Koninklike Huwelik self, kyk asseblief na [www.royal.uk/royal-wedding-2018](http://www.royal.uk/royal-wedding-2018)

Dankie aan Richard Perzyna, G8ITB vir hierdie item

## **LEKKER BYWONINGS PRYSE OM TE WEN BY DIE AMSAT SA RUIMTE SIMPOSIUM**

As jy nie op 19 Mei die Hamvention 2018 of die Koninklike Huwelik kan bywoon nie, registreer dan nou vir die AMSAT SA-Ruimtesimposium wat op Saterdag 19 Mei 2018 by die Innovasiehub in Pretoria gehou sal word. Uitstaande referate en demonstrasies sal aangebied word. Daar is ook 'n paar lekker bywonings pryse om te wen. Sam's Radios het 'n Diamond X-5000 2 m/70 cm/23 cm Basisstasie Antenna, 'n UHF Kragversterker 1 - 6 Watt in en 10 - 25 Watt uit asook 'n MFJ-914 Auto Tuner Extender geskenk. Avnet het vier PIC32MM Curiosity Development borde geskenk.

Om die program en ander pryse te sien en om te registreer, wys jou blaaiër na [www.amsatsa.org.za](http://www.amsatsa.org.za). Die Innovasiehub is langs die N1 na Polokwane, oorkant die WNNR, 'n kort, maklike reis vanaf omtrent enige plek in die groter Johannesburg/Pretoria omgewing.

## **HAMVENTION 2018**

Hamvention 2018 sal van 18 tot 20 Mei by die Greene County Skougronde en Ekspo Sentrum in Xenia, Ohio gehou word en is die grootste jaarlikse Amateur Radio-byeenkoms in die VSA. Die ARRL Ekspo sal dien as die middelpunt vir ARRL aktiwiteite, stalletjies en program-vertegenwoordigers. Hamvention se tema hierdie jaar is "Amateur Radio - Diens aan die Gemeenskap." Die ARRL sal daardie gees reflekteer deur vier forums op Vrydag en Saterdag te borg wat 'n publieke diens kommunikasie tema sal bevat.

Jy luister aan &#329; nuus uitsending van die Suid Afrikaanse Radioliga

## **ONVERWAGTE OPENING NA REUNION EILAND**



Hugo van Zyl, ZS5HV, het vanaf Scottburgh berig dat hy op 26 April 2018 'n onverwagte opening na Reunion Eiland bespeur het. Hy het kontak met Philippe, FR5DN op 144,300 MHz JT65b gemaak en Philippe het elke vierde periode gestuur. Kyk uit vir die volgende opening na Reunion Eiland, wat enige tyd kan gebeur. ESB op 144 MHz na Reunion Eiland is al gewer wat ongeveer 2 700 km van die Natalse kus is asook so ver suid as sowat 3 200 km na Oos-Londen.

### **'N BUITELANDSE STAAT BEGIN BELANGSTEL BHF**

Ons het 'n Suid-Afrikaanse amateur wat in die buiteland werk en hy bevorder BHF. Toe kom die goeie nuus, Kirgisië sal binnekort 2 m en 70 cm lisensies uitreik. Hierdie nuwe amateur is Charles Kelley, ZS6AJZ en hy woon in Kirgisië. Sy nuwe roepsein kan EXOCK wees. Die amptenare het Donderdag sy aansoek ingevorder en daar word verwag dat lisensies uitgereik sal word teen 7 Mei 2018. Sy ou roepsein was EX0/ZS6AJZ, nou word hy met 'n plaaslike roepsein uitgereik.

Charles het Pieter, V51PJ, ingelig dat die regering besig is om die lisensiëring van die amateurs daar te finaliseer. Met die entoesiasme van ons op BHF en hoër, het hy ook belangstelling in BHF en UHF. Die saad wat in hom geplant is, versprei nou na 'n land wat nog nooit BHF-voorregte vir amateurs beskikbaar was nie. So ja, die droom vir Afrika is nie onmoontlik nie. Ons moet net positief en aktief bly.

Afrika het baie donderstorms en reën wat dit perfek maak vir terug-verspreiding, weerligverspreiding en reënverspreiding, sowel as super seisoene van Sporadiese-E en Meteor-verspreiding. Maar hoe om hul belangstelling te kry? Pieter Jacobs, V51PJ, het gesê hy het vriende in die kommunikasie-afdeling in Namibië wat persoonlike kontak het met die mense in die kommunikasie departemente in Afrika-state. Hulle kom gereeld bymekaar en bespreek ITU-regulasies vir Afrika. Pieter sal in die komende week met hulle kontak en sien wat hulle kan doen. Dit is waar dit moet begin. Die ITU het frekwensies vir die amateurs gegee, maar sommige lande gee nie lisensies uit nie, want niemand vra dat die frekwensies vir amateur radio gebruik moet word nie. Hulle hou net by HF!

### **UITSLAE VAN DIE HERFS QRP KOMPETISIE**

Die uitslae van die Herfs QRP-gehou wat op 21 April gehou is, is vrygestel. Ses logstate en een kontrole logstaat is ontvang.

1ste Wesrand ARK, ZS6WR - 876 punte

2de Mike Boatwright, ZS5MAB - 294 punte 3de Johannes van Zijl, ZS4DZ - 102 punte 4de Andy Cairns, ZS6ADY - 48 punte

5de Dennis Green, ZS4BS - 36 punte

6de Dave Smith, ZS6AZP - 30 punte

Baie geluk aan die Wesrand ARK

### **HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING**

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak baie laag gaan bly. Tot op hede was daar vir 2018 ongeveer 60% van die tyd geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie



frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Amateurs kan goeie openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste [spaceweather.sansa.org.za](http://spaceweather.sansa.org.za) vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vanmiddag - die AWA Buis ESB QSO Geselligheid 8 Mei - Herdenkings Dag vir die tweede wêreld oorlog  
10 Mei - Hemelvaart  
13 Mei - Moeders Dag  
16 Mei - begin van Ramadan  
18 tot 20 Mei - die Hamvention 2018 by Greene County Skougronde en Ekspo Sentrum in Xenia, Ohio  
19 Mei - die AMSAT SA Ruimte Simposium en die Koninklike Huwelik 20 Mei - die ZS3 Naelloop

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die AWA Buis ESB QSO Geselligheid is vanmiddag van 13:00 tot 17:00 UTC op die lug met aktiwiteit op 40 meter tussen 7 063 en 7 100 kHz en op 80 meter tussen 3 603 en 3650 kHz. Die uitruiling is jou roepsein, 'n RS-verslag, 'n opeenvolgende reeksnommer wat begin by 001 en die tipe radio wat gebruik word, bv. HT37 Tx.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 230 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan [artoday@sarl.org.za](mailto:artoday@sarl.org.za). Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS/3, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB, en geles deur .....

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou `n mooi week toe. Totsiens.

---